HANGKLIP ATHLETICS CLUB

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 8 MEI 2009 OP KLEINMOND
MINUTES OF ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON 8 MAY 2009 IN KLEINMOND

1. **Welcome/Verwelkoming**
   Die Voorsitter, Fanie Krige, begin die vergadering om 18:00 en verwelkom almal teenwoordig.

2. **Attendance/Presensie**
   Sixteen members are present as per attendance list and the meeting is constituted.

3. **Approval of minutes/Goedkeuring van notule**
   Die notule van die 2008 Algemene Jaarvergadering word goedgekeur

4. **Matters arising/ Sake voortspruitend**
   There were no matters arising.

5. **Chairman's Report/Voorsittersverslag**
   In sy jaarverslag het die Voorsitter gesê die werk onder die jeug het 'n goeie hupstoot gekry met 'n skenking van die Overberg Community Trust . Dit is onder meer aangewend om Godfrey Swartz as 'n vlak 1-afrigter te laat kwalifiseer, 'n groep junior atlete met klubfrokkies uit te rus, 'n stel spykerskoene aangekoop en vervoer na verskeie byeenkomste aan te lê. Danksy die betrokkenheid van Duma Mgobozi kon 'n deurbraak in die swart gemeenskap gemaak word en daar is ook goeie belangstelling onder wit jeugdigdes. Die klub beskik tans oor 'n groot groep uitmuntende jong atlete wat hul merk op die atletiekbaan, in landloop en in Boland se junior padwedloopliga gaan maak.

   Met die aanbied van ses byeenkomste wat uit drie halfmarathons, vier 10km-wedlope, een bergwedloop (13km), 'n strandmylbyeenkoms en ses pretdrawwe bestaan het, was daar genoeg geleentheid vir kompetisie in die Hangklip-Kleinmond-gebied die afgelope jaar. Tydtoetse vind gereeld plaas, maar klub strewe daarna om weekliks op Bettysbaai sowel as Kleinmond tydtoetse aan te bied.

   Onder die huidige ekonomiese omstandighede was dit bitter moeilik om geld vir al die aktiwiteite in die hande te kry en daarom is daar groot dank betuig aan instansies soos die Big Blue-Feeskomitee, Tru-Cape, Kleinmond Spar, ST Motors,/Speedy Exhausts and Tyres, The View Restaurant en die Kogelberg Biosphere Reserve Companyvir hul borgskappe. Die klub kon ook staatmaak op

die welwillendheid en dienste van Overstrand Munisipaliteit, Coca-Cola, Procom Hermanus, Prisma Reklame, Top Events, Couch Potato en die Rotariërs. Goeie samewerking is van gemeenskapsinstansies soos die CSV Stranddienste, Bettysbaai-belastingbetalersvereniging, Pringlebaai-stapklub en vele meer gekry Grondeienaars soos Cape Nature, die Gibsons en die Winshaws het die klub toegelaat om hul eiendomme vir wedlope te gebruik. Dan is daar talle vrywilligers wat ons gereeld inspan.

Dié goeie gesindheid jeens die klub is te danke aan die blootstelling wat die klub in die plaaslike media geniet.

Die klub se finansiële posisie het in die verslag jaar verswak omdat die organiseringskoste van wedlope hoog is, terwyl die risiko in sekere gevalle hoog was weens botsing met gewilde wedlope elders en swak weer.

Die volgende sake aandag geniet in die nuwe termyn:

- ‘n Behoorlike atletiekbaan raak nou uiters noodsaaklik met die groeiende belangstelling onder die jeug en goeie kwaliteit atlete tot die klub se beskikking;.
- Ondersteunende strukture in die gemeenskap om met die organisering en aanbied van wedlope te help teen nominale vergoeding;
- Versterkte administrasie en rekenaartegnologie om die klubadministrasie, wedlooporganisering en ledekontak op ‘n professionele basis te doen; en
- Uitreik na ander klubs,

Die volgende toekennings is gedoen:

- Voorsitterstoekenning: Lorraine van Aarde, wat as uittredende tesourier uitmuntende werk verrig het;
- Atleet van die Jaar: Henk Griessel;
- Junior atleet van die Jaar: Chantin Wildschutz;
- Vroue-atleet van die Jaar: Magdaleen Brits;
- Beste marathon en ultramarathon: Godfrey Swartz;
- Beste tydtoets, 10km-wedloop en halfmarathon: Willem Floors;
- Beste vrou in 10km-wedloop, halfmarathon en marathon: Libby Burrell;
- Beste vrou in tydtoets: Heidi Mclachlan;
- Stapper van die Jaar: Fred Hewson; en
- Stapvrou van die Jaar: Dottie Joubert.

6. **Financial Report/Finansiële Verslag**
   The Financial Report for 2008/09 are presented and accepted.

7. **General/Algemeen**

Die voorsitter word bedank vir sy werk die afgelope jaar en diens aan die klub.

8. **Election of committee/Verkiesing van komitee**
    a. **Chairperson/Voorsitter: Fanie Krige**
    b. **Sekretaris/Secretary: Ansu Dippenaar**
    c. **Treasurer/Tesourier: Heidi McLachlan**
    d. **Klubkaptein/Club Captain: Conraad Dippenaar**
    e. **Addisionele lede/Additional members: Werner Mödinger and Godfrey Swartz, as klubafrigter.**

9. **Closing/Afsluiting**
    The meeting closes at 18:45 and a cheese and wine function follows.